# Die Grimm Broers

# Die Meulenaar se Seun en die Kat

THINK DIGITAL ACADEMY



# *Lank, Lank Gelede*

Was daar 'n ou Meulenaar wat in 'n meul gewoon het met geen vrou of kind gehad nie, maar net drie seuns wat vir hom gewerk het.



Na 'n paar jaar het hy gesê: "Ek word oud. Al wat ek wil doen is om by die vuur te sit. So ek het besluit om die meul vir een van julle te gee. Wie vir my die mooiste perd terug bring, sal die meul kry, solank hy na my omsien totdat ek dood gaan.”



Twee van die seuns was baie slim, maar die derde was glad nie nie so slim nie. Die ander seuns het hom gespot en gesê: "Wat sal jy met 'n meul doen, domkop?" En hy was self nie seker of hy dit wou hê nie.



Hulle drie het saam vertrek, maar toe hulle by 'n dorpie aan kom, het die eerste twee vir dom Hans gesê: “Jy kan net sowel hier stop. Jy sal nooit ’n perd kry solank jy as wat jy leef nie.” Maar Hans het by hulle gebly.



Teen son ondergang het hulle by 'n grot in gegaan waarin hulle gaan lê het om te slaap, maar die twee slimkoppe het net gewag tot Hans aan die slap geraak het en toe het hulle weg gesluip en hom agter gelaat. Hulle het gedink dit was baie snaaks – alhoewel, soos dit geblyk het, die grap op hulle was.



Toe die son opkom, het Hans wakker geword en homself alleen in die diep grot bevind. Hy het rondom hom gekyk en gevra: “Hemel, waar is ek?”



Hy het op gestaan, uit die grot geklim en hom in ‘n woud bevind. “Ek is verlore en alleen. Hoe sal ek nou ooit ’n perd kry?” het hy gekreun.



Terwyl hy aanstap en sulke gedagtes dink, kom 'n klein gestreepte kat na hom toe, en het op 'n vriendelike manier vir Hans gesê: "Môre, Hans. Wat kan ek vir jou doen?”



“Ek is bevrees jy kan my nie help nie,” het Hans gesê.

"Ek weet waarna jy soek," het die kat geantwoord. “Jy soek ’n goeie perd. Wel, as jy saam met my sal kom en my bod vir sewe jaar sal doen, sal ek jou die beste perd gee wat jy nog ooit gesien het.”



Dit is 'n eienaardige kat, het Hans gedink. En het gewonder of sy die waarheid gepraat het. Daar was net een manier om uit te vind, so Hans het ingestem om die kat vir sewe jaar te bedien.



Die kat het hom terug geneem na haar betowerde kasteel. Al die bediendes was katjies wat die hele dag bo en onder onbeperk gespeel het, altyd gelukkig.



Saans, wanneer Hans die gestreepte kat aansit vir ete, het drie van die katjies vir hulle musiek gemaak. Een het die kontrabas gespeel, 'n ander die viool, terwyl die derde op 'n trompet gepof en geblaas het.



En na die ete het die gestreepte kat gesê: "Hans, sal jy met my dans?"

Hans het gesê: “Nee. Ek het nog nooit met 'n kat gedans nie, en ek sal nooit."

Die kat het toe vir die katjies gesê om Hans na sy kamer te neem.



Een van hulle het die pad gewys met 'n kers, 'n ander het sy skoene uitgetrek, 'n ander het sy kouse uit getrek, en 'n ander het die kers lig uit geblaas.



En in die oggend het hulle terug gekom en hom gehelp om aan te trek. Een het sy kouse vir hom aangetrek, 'n ander het sy kousbande vas gemaak, een het sy skoene gebring, een het hom gewas en 'n ander het sy gesig met haar stert afgedroog. “Hoe sag is dit nie!” hy het gesê.



Maar Hans het sy eie werk gehad om te doen. Elke dag moes hy hout kap met 'n silwer byl en 'n silwer saag, 'n koperhamer en silwer wiggies.

Die hele tyd wat Hans in die kasteel was, was hy baie goed gevoed en opgepas, maar hy het nooit 'n ander siel bahalwe die gestreepte kat en die katjies gesien nie.



Eendag het die kat vir Hans gevra om die weiland te gaan sny en die hooi in te bring. Sy het vir hom 'n silwer seis en 'n goue slypsteen gegee, en hy het aan die werk gespring.



Toe die hooi werk klaar was, het Hans gesê: "Is dit nie tyd vir my beloning nie?"

‘Jy moet eers nog een ding vir my doen. Ek wil hê jy moet vir my 'n huisie bou. Hier is alles wat jy nodig het – hout, en gereedskap alles in silwer.”



Hans het die huisie gebou en toe hy klaar was, het hy gesê: “Nou het ek alles gedoen wat jy gevra het, maar ek het nog geen perd nie.” Die sewe jaar het soos soveel maande verby gevlieg.

"Wil jy my perde sien?" het die gestreepte kat gevra.

“Ja!” het Hans gesê.



Toe maak die kat die deur oop van die silwer huisie wat Hans gebou het, en daar binne het twaalf perde gestaan, so glad en blink dat sy hart gespring het van blydskap.



Toe gee die kat vir Hans kos en drinkgoed en sê: “Ek sal nog nie jou perd vir jou gee nie. Gaan jy huis toe, en ek sal oor drie dae volg.”



Die kat het vir hom die pad na die meule gewys, en Hans het vertrek. Nou het die kat nog nooit vir hom nuwe klere gegee nie, so hy was nog in dieselfde ou oorpak wat hy ingekom het; en ná sewe jaar was dit vuil en geskeur, en veels te klein.



Toe hy by die meule kom, was die twee seuns reeds daar en elkeen van hulle het 'n perd gebring, al was een van die perde blind en die ander lam. "Waar is jou perd, domkop?" het hulle geskree.

"Die perde sal my oor drie dae volg," het hy geantwoord en hulle het omtrent van die lag om geval.



Die meulenaar wou nie eers vir Hans toelaat om in te kom nie, want hy was so verslete en vuil. "Wat as ons gaste kry?" het die meulenaar gesê. “Jy sal ons in die skande bring.” So moes Hans op die trappie eet en in die hoenderhok op die harde strooi slaap.



Toe hy die oggend wakker word, was die drie dae verby.



'n Koets het na die meule gekom, getrek deur ses blink perde en 'n dienskneg het 'n sewende perd gelei, wat vir die meulenaar se seun was. 'n Pragtige prinses het uit die koets gestap en in die meule in gegaan en hierdie prinses was die gestreepte kat wat Hans vir sewe jaar bedien het.



Sy het die meulenaar gevra: "Het jy 'n seun wat jou bedien?"

“Twee van die karnallies,” het die meulenaar gesê en het gewys na die twee slim seuns.

“Is daar nie nog een nie?”

"O, hy!" het die meulenaar geantwoord. “Hy is te vuil om hier in te kom; hy is in die hoenderhok.”

“Bring hom na my toe,” het die prinses gesê.



Hulle het hom toe by die hoenderhok gaan haal. Hy het sy verflenterde oorpak aanmekaar gehou ter wille van beskeidenheid.



Maar die prinses se bediendes het vir hom pragtige klere uitgepak. Hulle het hom gewas en hom aangetrek, en toe hulle klaar was, het hy so mooi gelyk soos enige koning.



Toe het die prinses gesê: "Laat ek die perde sien wat die ander seuns huis toe gebring het." Hulle het vir haar die blinde perd en die kruppel perd gewys.



Toe sê die prinses vir haar bediendes om die perd wat hulle vir Hans gebring het, na vore te bring. Sy pels het geglinster, en sy spiere het onder sy vel gegolf. Toe die meulenaar dit sien, het hy gesê: “Dit is die beste perd wat nog ooit hierdie erf betree het.”



“Daai perd behoort aan Hans,” het die prinses gesê.

"Dan behoort die meul ook aan Hans," het die meulenaar gesê.

Maar Hans wou nie meer die meule hê nie. “Jy kan dit hou” het hy gesê, “en die perd ook.”



Hans en die prinses het met die koets en perde weggery en in die silwer huisie wat hy gebou het gaan woon – maar nou was dit 'n groot kasteel, en alles daarin was van goud en silwer. Hulle was getroud, en Hans was so ryk dat hy nooit weer hoef te werk nie.



Wat net wys dat selfs 'n domkop iewers in die wêreld kan kom.

# Die Einde




THINK
DIGITAL ACADEMY